Les13

**19 tot 25 Desember*

Die hemel, opvoeding, en ewige onderrig

Sabbatmiddag

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Joh. 3:16, 1 Joh. 5:13, 1 Tim. 1:16, 1 Kor. 13:12, Sag. 13:6.

Geheueteks:

" 'Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet' " *(1 Korintiërs 2:9).*

'n Digter, bevrees vir die dood, het gevra hoe 'n persoon kan leef sonder om te weet "watter môre, watter dood, watter onheil en watter bewustheid op jou wag na die graf?" In sy gedig skep hy wat hy noem die IVH, die Instituut vir die Voorbereiding vir die Hiernamaals. En tog is daar die vraag, hoe kan mens vir die hiernamaals voorberei as jy nie eens weet wat met 'n persoon daarin gebeur nie?

Ons is bevoorreg dat die Bybel ons goeie insig gee oor die hemel, die nuwe aarde, en die soort lewe en onderrig wat ons dwarsdeur die ewigheid gaan hê. Soos ons die afgelope kwartaal gesien het, is die IVH hier en nou, in hierdie lewe, en al ons opvoeding- ongeag die veld van studie- behoort ons voor te berei vir daardie "hiernamaals". Trouens, enige skool kan uitstekende onderrig gee, met baie goeie praktiese opleiding en waardevolle kennis. Maar van watter nut is al hierdie dinge as jy al die kennis besit, maar tog jou ewige lewe verloor? In hierdie week se les gaan ons die groot graduasieskool ondersoek, 'n skool wat vir altyd gaan bestaan en waar ons deur die hele ewigheid onderrig sal word. In hierdie skool van die hiernamaals sal ons dinge leer waarvan ons in hierdie huidige wêreld nooit eers sou kon droom nie.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 26 Desember.*

Sondag

20 Desember

Die lot van die dode

In die 1600's het die Franse skrywer Blaise Pascal die toestand van die mensdom bepeins. Een punt het vir hom uitgestaan: ongeag hoe lank 'n mens geleef het (en in daardie tyd het die mense werklik nie oud geword nie), en ongeag hoe goed daardie persoon se lewe was (en die mense se lewens met tye was maar uiters haglik), vroeër of later sou daardie persoon tot sterwe kom. Meer nog, wat ookal na die dood sou kom, sou beslis langer duur, oneindig langer as die kort lewensduur hier wat die dood voorafgegaan het. Vir Pascal, dus, was die mees logiese ding wat 'n mens kon doen of leer, om uit te vind watter lot op die gestorwenes wag. Hy was verstom om te sien dat mense opgewerk geraak het oor dinge soos "verlies aan inkomste, of een of ander denkbeeldige belediging aan sy eer", en tog het hulle geen aandag gegee aan die vraagstuk oor wat met hulle gebeur na hulle dood nie. Pascal was reg. Daar is geen twyfel nie waarom die Bybel heelwat tyd bestee om te praat oor die belofte wat op diegene wag wat hulle verlossing in Jesus gevind het. Dis die belofte van wat op hulle in die toekoms wag.

Lees die volgende teksverse. Watter hoop word hier aan ons gebied? Joh. 6:54, Joh. 3:16, 1 Joh. 5:13, 1 Tim. 1:16, Joh. 4:14, Joh. 6:40, Judas 1:21, Titus 3:7.

Die ewige lewe maak soveel sin in die lig van die kruis; in die lig van die kruis maak niks anders saak nie, behalwe die ewige lewe. Waarom moes die Skepper van die heelal, die een wat die "wêreld geskep het" *(Heb. 1:2, AFR83)*, die een deur wie ons "lewe, beweeg en bestaan" *(Hand. 17:28, AFR83)*, Hy wat God is, as mens na die aarde kom en in daardie vleeswording sterf? Om watter rede? Sodat ons uiteindelik kan vergaan, en verrot soos dooie diere langs die pad?

Daarom kom die Nuwe Testament omsoom met vele beloftes van 'n ewige lewe, want slegs die ewigheid waarborg 'n herstelling of "skadevergoeding". 'n Miljoen jaar, selfs miljoene der miljoene jare, mag nooit genoeg goeie oomblikke bevat om vir die slegtes te vergoed nie. Net die ewigheid kan alles balanseer, en dit omdat die oneindige meer as die eindige is, en so sal dit tot in die oneindigheid wees. Pascal was reg: ons tyd hier is so beperk in teenstelling met dit wat gaan kom. Hoe dwaas sal dit wees om nie gereed te wees vir die ewigheid wat op ons wag nie?

Wat sê jy vir iemand wat algehele afsydigheid toon oor wat na die dood gebeur? Hoe kan jy daardie persoon help om in te sien hoe onlogies so 'n standpunt werklik is?

Maandag

21 Desember

‘n Nuwe bestaan

“As daar trane oor hulle wange loop, sal God self dit afdroog. Niemand sal meer daar doodgaan nie. Niemand sal hartseer wees of pyn ken nie. Hierdie slegte dinge van voorheen sal vir ewig en altyd verby wees” *(Op. 21:4, DB)*. Hoe bevestig hierdie vers die feit oor hoe verskillend ons nuwe bestaan van hierdie wêreld sal wees, ‘n bestaan waarin dood, hartseer en pyn nie bestaan nie?

‘n Christen was besig om met sy vriend oor die hoop van die evangelie te gesels, die belofte van die ewige lewe deur Jesus Christus. Die persoon het negatief op hierdie hele idee reageer. “Ewige lewe?” sê hy met ‘n rilling. “Wat ‘n aaklige gedagte! Ons 70 of 80 jaar hier is sleg genoeg. Wie sou dit vir ewig wou uitrek? Dit sal hel wees!” Hierdie persoon sou korrek wees, maar hy het nie verstaan dat die belofte van ‘n ewige lewe nie bloot ‘n voortsetting van die lewe hier is nie. Regtig- wie sou dit wou hê? Trouens, soos die teksvers hierbo sê, al die ou dinge het verbygegaan, en alle dinge het nuut geword.

Wat leer die volgende teksverse ons oor die nuwe bestaan wat kom?

2 Pet. 3:10–13

Op. 21:1–6

Die belangrike vraag vir ons almal is: Wat verg dit om deel te wees van hierdie nuwe bestaan? Hoe kom ons daar? Hoe kan ons sekerheid hê dat ons deel daarvan gaan wees? Is daar enige dinge in ons lewe wat in ons pad kan staan om deel te wees van dit wat God ons deur Jesus beloof het?

Dinsdag

22 Desember

Ons sal dan weet

"DIE hemel is 'n skool; sy studieveld, die heelal; sy onderwyser, die Oneindige. 'n Tak van hierdie skool is in Eden gestig; en, wanneer die verlossingsplan voltooi is, sal opvoeding weer in die skool van Eden onderneem word."—Ellen G. White, *Opvoeding*, p. 301. Indien jy soos die meeste ander mense is, het jy baie vrae- vrae oor sonde, lyding, siekte, dood, waarom hierdie ding of daardie ding gebeur het, en waarom baie ander dinge gebeur het.

Ons het ook heelwat vrae oor die sigbare wêreld, en al sy geheimenisse. Net soveel ongelooflike vooruitgang as wat die wetenskap gemaak het om ons te help om meer oor die wêreld en die heelal as geheel te verstaan, net soveel is nog buite ons begrip en verstand. Van die eenvoudigste lewensvorme tot die lug bokant ons koppe, van die beweging van subatomiese deeltjies tot die wentelende melkwegstelsels wat deur die hele kosmos versprei is, kom ons te staan voor die werklikheid wat nog soveel groter en dieper is as wat ons kan begryp, veral aangesien ons so min tyd hier en nou het om hierdie dinge self te bestudeer. Maar, aan die ander kant, wanneer 'n mens 'n ewigheid het om te studeer, sal baie van die geheimenisse vir ons opgelos word.

Die volgende teksverse vertel vir ons wat ons sal leer wanneer hierdie tragiese episode van sonde en lyding en dood finaal tot 'n einde gekom het. Wat is dit?

1 Kor. 13:12

---

1 Kor. 4:5

Daar is 'n belofte aan ons gemaak dat ons 'n begrip gegee sal word van die dinge wat tans vir ons verborge is. Wat 'n wonderlike hoop bestaan daar ook, dat wanneer ons uiteindelik die dinge sien en begryp wat tans so moeilik blyk om te verstaan, sal ons niks anders as net eer en lof vir God hê nie! Die sleutel vir ons is om nou vas te hou aan ons geloof, op God se beloftes te vertrou, te leef volgens die lig wat ons wel het, en te volhard tot aan die einde. En die goeie nuus is dat ons "tot alles in staat (is) deur Christus wat my krag gee" *(Filip. 4:13)*.

Watter moeilike vrae druk swaar op jou hart? Watter dinge blyk nou so totaal onverstaanbaar? Hoe kan jy leer om op God te vertrou vir die dinge wat jy wel verstaan, maar ook vir die dinge wat jy tans nie begryp nie?

Woensdag

23 Desember

Die skool in die hiernamaals

"Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, bewerk vir ons 'n alles oortreffende ewige gewig van heerlikheid; omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig" ***(2 Kor. 4:17–18).*** **Watter hoop bied hierdie teksverse aan ons? Wat kan van die onsigbare dinge wees waarvoor ons wag, wat ons deur Jesus beloof word? Lees ook Op. 21:1, 2; Op. 2:7; Op. 7:14–17.**

Hoe werklik die beloftes wat aan ons deur Jesus gebied word ookal is, hoeveel talle goeie redes ons het om daarin te glo, bly die feit bestaan dat die Bybel ons slegs 'n glimp of paar leidrade gee oor wat op ons wag. Daar is egter een ding waarvan ons baie seker kan wees, en dit is dat dit ongelooflik gaan wees, want dink net daaraan hoe wonderlik die lewe in 'n bestaan sonder die vernietigende sonde gaan wees! Al ons pyn en lyding, en al die dinge waarmee ons hier so sukkel, het uit sonde, en die gevolge van sonde, ontstaan. Christus het gekom om al daardie dinge reg te maak, en Hy sal die aarde herstel soos God dit oorspronklik wou gehad het voordat sonde sy verskyning gemaak het. Trouens, dit sal selfs beter wees, want te midde van al die heerlikhede sal ons tot in ewigheid die wonde in Jesus se hande en voete kan aanskou – die prys van ons verlossing.

"Daar, wanneer die voorhangsel wat ons uitsig verdonker, weggeneem word en ons oë daardie skone wêreld betrag waarop ons tans deur die mikroskoop 'n blik kry; wanneer ons die heerlikheid van die hemele aanskou, wat tans van ver af deur die teleskoop bespied word; wanneer die klad van sonde verwyder is en die ganse aarde in "die lieflikheid van die Here onse God" sal verskyn, watter veld sal daar nie vir ons studie oopgestel word nie! Daar sal die student van die wetenskap die oorkondes van die skepping kan lees en geen aandenking van die wet van die kwaad bespeur nie. Hy sal na die musiek van die natuur se stemme kan luister en geen noot van weeklag of ondertoon van smart verneem nie. In alle geskape dinge sal hy een handskrif kan lees - in die geweldige heelal staan "Gods naam in groot letters geskrywe," en in aarde, see of lug bly geen enkele teken van boosheid oor nie."—Ellen G. White, *Opvoeding*, p. 303.

Stel jouself voor hoe dit sal wees om vir ewig in 'n algeheel nuwe wêreld te woon, een sonder dit alles wat die lewe hier so moeilik gemaak het. Hoe sien jy in jou geestesoog sal dit lyk? Na watter dinge sien jy veral uit?

Donderdag *24 Desember*

Die grootse Onderwyser

In hierdie kwartaal se lesse het ons een sentrale aspek van Christus se bediening hier op aarde gesien, dié van onderwyser. Vandat Sy bediening begin het, hetsy deur optrede of dade, was Jesus gedurigdeur besig om Sy volgelinge die waarhede oor Homself, oor die Vader, oor verlossing, en die hoop wat op ons wag, te onderrig *(lees Mat. 5:2, Mark. 4:2, Lukas 19:47, Joh. 6:59)*. Mens hoef inderdaad maar net deur 'n evangelie te blaai, enige evangelie, en jy sal in almal sien dat Jesus besig is om te onderrig. En alhoewel, selfs nou, die Here voortgaan om ons te leer deur Sy Woord, sal hierdie onderrig in die nuwe wêreld ook voortduur. Maar stel jouself voor dat dit in 'n bestaan sal wees sonder die besmetting van sonde en al die beperkinge wat dit op ons plaas.

"En as iemand vir hom sê: 'Watter wonde is daardie tussen jou hande?' dan sal hy antwoord: 'So is ek geslaan in die huis van my vriende'"*(Sag. 13:6)*. Waaroor dink jy praat hierdie teksvers?

_____

_____

_____

"En namate die eeue verloop, sal daar steeds ryker en heerliker openbarings van God en Christus wees. Net soos kennis progressief is, sal ook liefde, eerbied, en geluk vermeerder. Hoe meer mense van God leer, hoe groter sal hulle bewondering van Sy karakter wees. Waar Jesus voor hulle die rykdom van die verlossing en die verbasende prestasies in die groot stryd met Satan openbaar, sal die harte van die verlostes met groter toewyding tril, en met nog heerliker vreugde sal hulle die siters van goud bespeel; en tienduisendmaal tienduisend en duisende van duisende stemme sal verenig in die magtige koor van lof . . .

"Die groot stryd is beëindig. Sonde en sondaars bestaan nie meer nie. Die ganse heelal is skoon. Een pols van eensgesindheid en blydskap klop deur die groot skepping. Van Hom wat almal geskape het, vloei lewe en lig en blydskap deur die onbeperkte ruimte. Van die kleinste atoom tot die grootste wêreld, alle dinge, lewendig en lewenloos, en in hulle volmaakte skoonheid en vreugde, verklaar dat God liefde is."—Ellen G. White, *Die Groot Stryd*, p. 678. *(Afrikaanse uitgawe: p. 762 - vertaler)*

Van al die ongelooflike waarhede wat ons deur die ewigheid sal leer, sal niks ons so geboei hou as die offer van Christus om ons onthalwe nie. Dink daaraan hoe diepgaande en verrykend dit moet wees sodat ons dit deur die hele ewigheid sal bestudeer. Hoe kan ons selfs nou leer, om dit wat Jesus vir ons deur die kruis gedoen het, beter te waardeer?

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White, "The School of the Hereafter," pp. 301–309 in *Opvoeding*; "Die Stryd Beëindig", pp. 662–678, in *Die Groot Stryd*. "Die leeu, wat ons hier so vrees, sal dan saam met die lam lê, en alles op die Nuwe Aarde sal vrede en harmonie wees. Die bome van die Nuwe Aarde sal regop en fier groei, sonder enige misvorming . . . "Laat alle skoonheid in ons aardse huise ons herinner aan die rivier van kristal en die groen velde, die wuiwende bome en die lewende fonteine, die helder stad en die witgeklede sangers van ons hemelse tuiste-daardie wêreld van skoonheid wat geen kunstenaar kan skilder en geen sterflike tong kan verwoord nie. Laat jou verbeelding toe om die tuiste van die gereddes te skets, en herinner jou daaraan dat dit selfs meer verheerlik sal wees as wat jou helderste verbeelding kan weerspieël."—Ellen G. White, *Heaven*, pp. 133, 134. "Uit vrees dat hulle ons toekomstige erfenis te materialisties sal voorstel, is baie daartoe gedwing om die waarhede in verband daarmee te vergeestelik. Christus het Sy dissipels verseker dat Hy vir hulle wonings in Sy Vader se huis gaan berei. Diegene wat die leer van Gods woord aanneem, sal nie heeltemal onkundig wees aangaande die hemelse tuiste nie . . . Menslike taal is nie in staat om die loon van die regverdiges te beskryf nie. Alleen diegene wat dit eendag sien sal dit ken. Die beperkte menslike verstand kan nie die heerlikheid van die paradys van God besef nie."—Ellen G. White, *Die Groot Stryd*, pp. 674, 675. *(Afrikaanse uitgawe p. 758 – vertaler).*

Vrae vir bespreking:

1. Dink weer oor die punt wat Pascal gemaak het, oor waarom mense so ongeërg blyk te wees oor wat die ewigheid sal bring. Waarom dink jy is mense so? Waarom is dit 'n uiters irrasionele standpunt om te hê?

2. Bepeins waarom die hoop van die ewige lewe so belangrik is vir ons geloof. Waarom het ons sonder dit, dan eintlik niks nie?

3. Dink na oor al die ongelooflike geheimenisse wat in die sigbare wêreld bestaan. Hetsy dit biologie, geologie, astronomie, fisika, of chemie is- op alle terreine is dinge baie meer ingewikkeld as wat mense aanvanklik gedink het. Wetenskaplikes, byvoorbeeld, praat nie meer van "eenvoudige lewensvorme" nie, want soos dit blyk, is selfs die eenvoudigste lewensvorm toe nié so eenvoudig nie. Elke nuwe deurbraak, elke nuwe ontdekking, blyk maar net nog meer onbeantwoorde vrae daar te stel. Hoe bewys al hierdie onsekerhede dit aan ons hoeveel ons gaan hê om nog te leer in die "skool van die hemel"?